# KOMMUNIKAMMA 8 SEPTEMBER 2024

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za
Jou blokouderling of -diaken

**WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**
Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n Whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n Whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**
**Sondag 8 September**
**Toerustingsondag**
**08:30 EIETYDSE DIENS, KLEUTERKERK EN POPPEKAS**
**Skriflesing:** Jakobus 2:1-13
**Tema:** Liefde oordeel nie. Liefde wil verstaan
**09:45 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**18:00 LEEF@KERK** (Ons hou 'n uitreik na Relay Ambulansdienste)

**Die bedieningsdankoffer in die houtkassies gaan vandag vir MTR Smit Kinderoord**

**Maandag 9 September**
**KERKKANTOOR**
Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb. kennis dat die kerkkantoor weeksdae van 08:00-13:00 via die kerkkantoor telefoonnommer (041-360 1484) beskikbaar is.**

**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**Woensdag 11 September**
**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**
Die nood by en behoefte aan kospakkies by die PE Noord gemeenskap bly baie hoog. Dankie vir elke bydrae.

**Vrydag 13 September**
**05:00 MANNEGROEP by Carnationlaan 15**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205

**Vrydag 13 en Saterdag 14 September**
**STEPHAN JOUBERT BY LORRIANE KERK**
Vrydag 13 September van 18:30-20:00 en Saterdag 14 September van 09:00-12:00 gesels Stephan Joubert oor: "Hoe leef 'n mens as Christen in 2024." By albei geleenthede is daar iets om te drink en te eet. Elke geleentheid

kos R10.00 per persoon om by te woon. Kaartjies is in die week van 09:00-12:00 by Lorraine se kerkkantoor beskikbaar. Vir navrae, kontak Stephan Schutte by sel: 082 888 4474.

**Sondag 15 September**
**08:30 EIETYDSE DIENS**
**09:45 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**18:00 LEEF@KERK**

## GEBEDSAKE:

- Almal wat eksamen skryf.
- Kotie Oosthuizen wat sukkel met haar gesondheid.
- Juliet Mackenzie is in die hospitaal.
- Vakatures by Grasvoëlkop en PE-Noord gemeentes. PE Noord is besig met die beroepingsproses.
- Samewerking in die Regering van Nasionale Eenheid.
- ‘n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Midde-Ooste en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande. Die sluit van vrede.

**THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK**
Bid vir vrye toegang in **Turkmenistan** tot God se Woord in die Turkmeense taal.

There4 Bedieninge nooi jou uit na ‘n geleentheid waar jy geïnspireer sal word deur die kragtige verhale van hoop uit die Midde Ooste en Noord Afrika. Hierdie verhale beloof om jou op te lig en te versterk op jou geloofsreis. Kom ontmoet vir Hanaa, Janine en Nadia op Sondag 22 September om 15:00 by die NG Kerk Lorraine.

**FAMILIE KAMP 2024**
Daar is alreeds 15 lekker gesinne wat ingeskryf het. Kom neem gerus deel aan ons derde familiekamp 4-6 Oktober 2024 by Van Stadens resort. Indien jy meer inligting benodig maak gerus kontak met Yolandi van der Merwe (084 705 2714) of Ds Toit Wessels.

**LOUISA MEYBURGH OUETEHUIS**
Kraggakamma gemeente ondersteun Huis Louisa Meyburgh met ‘n bedrag waarvoor jaarliks begroot word, die aanbied van ‘n tee 1 keer per jaar, een van die predikante hou ‘n biduur en die gemeente is betrokke by die pannekoektafel by die basaar. Daar word ook 1 keer per jaar ‘n bedieningsdankoffer opgeneem. Die lede van die gemeentekomitee by Louisa Meyburgh kry gewoonlik ‘n behoeftelys. Hier is die lys:
Bactrigras gaas / parafiengaas
Bactroban-salf
Betadine-salf
Kortisoon-salf
Pleisters
5cm verbande
Metaal teelepels
Oil of Olay gesig deppers
Huis Louisa Meyburgh waardeer enige skenkings of persone wat wil betrokke raak om funksies aan te bied vir die inwoners. Daar is 45 personeel in diens van die tehuis. Huis Louisa Meyburgh het ‘n Facebook blad indien u meer wil uitvind van die fasiliteite en wat vir die inwoners aangebied word. Dankie aan almal wat ‘n bydrae lewer of met hulle tyd ‘n verskil maak in die lewens van die bejaardes.
Kontak vir Annemarie Roets (072 611 1483), indien jy meer wil weet, ‘n bydrae wil maak of wil help.

**NUWE LIDMATE**
Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal ‘n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op “Kontak ons” reg onder die gemeente logo. Vul die “Nuwe intrekkers” vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**GEMEENTE VRAELYS TERUGVOER**

186 vraelyste is terug ontvang waarvan 68 aanlyn was.
100 stemme (54%) – Ek is gelukkig met die indeling
39 stemme (21%) – Ek verkies meer gesamentlik met band en orrel in een diens
30 stemme (16%) – Ek verkies meer gesamentlik een Sondag band en een Sondag orrel
17 stemme (9%) – Ek verkies meer afsonderlike dienste
16 stemme (8%) – Het 'n behoefte aan aanddienste
Op grond van die terugvoer, besluit die kerkraad dat die status quo met eredienste gehandhaaf word. Baie dankie vir elkeen wat 'n vraelys ingevul het.

**AANDAG ALLE NG KERK KRAGGAKAMMA DAMES 60 JAAR JONK ASOOK 60 PLUSSERS!!**

Daar sal dv vanaf Dinsdag 1 Oktober 2024 elke Dinsdagoggend van 08:30 tot 09:30 oefenklasse in die kerksaal aangebied word. (Openbare vakansiedae, kerkfunksie dae, en Desembermaande uitgesluit) Almal is welkom om saam met ons te kom rek en strek en winter litte los te maak om sodoende die heerlike lente te vier. Dra gemaklike klere en vastrap skoene. Bring asb. die volgende saam: oefenmat, 2 handgewigte (1kg of 1.5kg elk) (2 plastiek bottels met sand gevul sal ook werk), 1 handdoek en drinkwater. Die maandelikse fooi van R50.00 per persoon sal aan MTR Smit Kinderoord geskenk word.

Daar word 'n ope-oefensessie op Dinsdag 17 September 2024 van 08:30 tot 09:30 gehou, waartydens die dames kan besluit of hulle wil aansluit. Laat weet my asb. voor of op Vrydag 13 September wie die opedag wil bywoon. Kontaknr: 082 936 0088 (Hester Taljaard). Baie dankie.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 8 September | Cara-Mari Botha, Schalk Burger, Werner, Grobler, Tania Jordaan, Retha Lane, Livia van Niekerk, Morné van Onselen en Charlotte Vermaak |
| 9 September | Eduard Adendorff, Abigail Appelgryn, Konrad Buchner en Cronjé de Vin |
| 10 September | Frances Seporta, Christo van Rooyen en Zurika Wepener |
| 11 September | Johan Barkhuizen, Joan Crous, Chimene Landman, Anna Marx, Richart Strydom, Estelle van den Berg en Pieter van Heerden |
| 12 September | Bettie Cilliers, Bertie Moore en Saret van Huyssteen |
| 13 September | Alet Bosch, Ruan de Lange, Nicky Esterhuyse, Malan Meiring en Martie Myburgh |
| 14 September | Piet Bosman, Wayne Delport, Yvette Erasmus en Sebastian van Zyl |

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005

SnapScan